**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 13 AUGUSTUS 2023**

# ELFDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

## *DAG VAN VEROOTMOEDIGING*

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Romeine 11:1-2a, 29-32; Genesis 45:1-15; Psalm 133; Matteus 15:(10-20), 21-28**

| **SONDAG, 13 AUGUSTUS** |
|---|
| VROUESONDAG<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Doop<br>Vrouedankofferinsameling<br>Deuroffer ten bate van: MES Kaapstad<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |
| **MAANDAG, 14 AUGUSTUS** |
| 18:00 Kooroefening<br>19:00 Sportmanne Bybelstudie<br>19:00 Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 15 AUGUSTUS** |
| 09:30 Senior Burger Bybelstudie<br>18:00 Manne Bybelstudie in Moederskamer |
| **WOENSDAG, 16 AUGUSTUS** |
| 09:30 Vroue Bybelstudie<br>10:45 Fondse Kommissie vergadering<br>19:00 Erediens en aanbidding Kommissie vergadering |

**DONDERDAG, 17 AUGUSTUS**

09:30 Dienssentrum vir Seniors – Gesondheidspraatjie met suster Sharon Roziers
18:00 Getuienis aksie Kommissie vergadering

Sopbeurte: Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Miemmie Myburgh, Ina van Niekerk, Ronel Williams

**VRYDAG, 18 AUGUSTUS**

09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer

**SATERDAG, 19 AUGUSTUS**

**SONDAG, 20 AUGUSTUS**

Twaalfde Sondag in Koninkrykstyd

09:00 Oggenddiens
Deuroffer ten bate van: Teologiese Kweekskool
Erediensspan 2 – Elsa Welman
09:00 Kleuter- en Kinderkerk

- **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens
- **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens

16:00 Tygerberg Stad Koor – optrede in ons kerk. Kaartjies teen R60 beskikbaar by deure.

# GEMEENTENUUS



1. Adri, dogtertjie van Arno en Sarli van Zyl, word vanoggend deur haar oupa, ds Hannes Burger, gedoop. Baie geluk aan Hannes en Adri!
2. Maret Joubert (Othello) is oorlede. Haar troosdiens was Saterdag by Othello.
3. Alta Rademeyer (Waterbessiestraat, Sandalwood) het ‘n draai in die hospitaal gemaak.
4. Marianne Brink (Sangirostraat) sterk aan na ‘n voetoperasie.
5. Nico Nel snr (Peperboomstraat) ondergaan mediese toetse in die komende week.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. **Bybels:** Ons het Afrikaanse, Engelse en Xhosa Bybels vir verspeiding na huiswerkers, tuinwerkers, petroljoggies, karwagte, ens. Kontak gerus die kerkkantoor.
2. Die La Poorta Kinderhuis fondsinsameling: Gospel sanger Jonathan Rubain tree 19 Augustus 2023 om 18:00 op in Goodwood. Sien advertensiebord vir verdere inligting.

# BLIKKIES

Eet jy gereeld uit? Uit blikkies uit?
Bring jou leë blikkies na die kerk – ons benodig dit vir ‘n projek.
By voorbaat dankie.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

13/08 Hanlie Ochse, Cor Viljoen, Ansie van Niekerk, Sonelle Roux, Petro Rossouw
14/08 Ena Knoetze(94), Ciska Myburgh, Wouter Kleinhans, Ria Traut, Christie Matthee
15/08 Lizelle Wessels
16/08 Christine van der Merwe, Albert Marais, Bettie van der Watt, Marlene Kruger, Hanlo Naude
17/08 Mattie Oosthuizen, Monique Penderis, Marisa Gobregts, Val Parsons(82)
18/08 Rina Nel, Susan Weber, Mila van der Merwe, Anna-Marie Schäfer, Jeanru van der Merwe, JG Nel, Johnny MacArthur, Zylan de Bod, Ria Groenewald
19/08 Esli Triegaardt, Anita Jacobs, Mike Hagen, Fancois Jonker




# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## MES KAAPSTAD

Metro Evangeliese Sorg (MES) Kaapstad is ’n Christelike sosiale ontwikkelings-organisasie wat professionele dienste bied vir straatmense, vroue vasgevang in prostitusie en werkloses.

MES volg ’n holistiese diensmodel wat hulpbehoewendes rehabiliteer en bemagtig sodat hulle op ’n volhoubare basis onafhanklike lewens kan lei. Die holistiese diensmodel bestaan uit drie dienseenhede: “*prevention and intake*” (uitreike, basiese behoeftes, voedingskemas); “*intervention*” (ontwikkeling van vaardighede, akademiese onderrig) en “*sustainable exit*” (werksgeleenthede, behuising, opvolg).

MES glo dat elke persoon uniek is en daarom ontwikkel ons individuele bevorderingsplanne vir elke persoon wat ons help. Lees gerus meer van ons projekte op ons webblad.

Me Lilly Franks | 021 949 8736 | prcapetown@mes.org.za | www.mes.org.za

# VROUELIDMATE

Die Vrouebediening Taakspan nooi alle Vrouelidmate uit na ons 4 jaarlikse sinodale byeenkoms:

| | |
|---|---|
| **Datum:** | 1 September 2023 |
| **Tyd:** | 09:00 tot 13:00 |
| **Plek:** | Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit, Wellington |
| **Koste:** | R100/persoon |

Skryf in voor of op 24 Augustus 2023: https://forms.gle/9fSSp6J8Mca1dhTMA

# HUIS DE KUILEN – PANNEKOEKVERKOPE

Op 26 Augustus (in die voormiddag) kom bak die dames van die plaaslike VLV-tak pannekoek by Huis de Kuilen.

Die pannekoeke sal hier verkoop word ten bate van Huis de Kuilen. Jy kan ook bestellings plaas by die kantoor - 021- 9037055.

Ons is opreg dankbaar vir hierdie poging van die VLV en vra dat dit asb sal ondersteun. Baie dankie.

# JAN KRIEL TEKKIE CHALLENGE

Jaarlikse Tekkie Challenge by Jan Krielskool. Hierdie fondsinsamelings-inisiatief ondersteun sowat 600 leerders met leer-beperkings en vind al vir meer as 20 jaar plaas!

Saterdag 2 September 2023
10km of 21km WPA wedrenne
5km Pretloop
Wonderlike pryse vir top deelnemers en gelukkige trekkings sowel as 'n groot prys vir die beste 'Dress up your Tekkies' inskrywing.

Inskrywings en inligting by www.tekkiechallenge.co.za of epos events@jankriel.co.za.

# SENIOR BURGER TEE

Die datum van die Senior Burger Tee word op die jaarprogram aangedui as Dinsdag 19 September. Dit gaan egter vanjaar skuif. Die datum van 16 September soos verlede week genoem, bots egter met 'n ander geleentheid. Dit verskuif dus nou na Saterdag 21 Oktober 2023.

Hou hierdie spasie dop vir meer inligting binnekort.

# KLERE EN VERE

DANKIE vir elke stukkie klere, paar skoene, kombers en wat ookal jy vir ons tot dusver gebring het. Die uitreikspan gaan baie Namakwalanders se harte bly maak daarmee!

Ons pak ook 14 spesiale pakkies - vir elke hoërskooldogter 'n vroulike verrassing.

Jy moet spring as jy ook nog iets wil saamstuur!

Groetnis

2 Vere

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

Hierdie projek van die Getuienisaksie is jou geleentheid om uit te reik na lidmate wat moeilike tye beleef. 'n Kospakkie uit De Eike se Kosmandjie maak die lewe so 'n bietjie draagliker. Ons is nie hier om deur mense te sien nie, maar om hulle deur te sien.

BAIE, baie dankie vir jou spesifieke reaksie op ons spenslysie,

wat dit moontlik maak!

Groetnis



# TYGERBERG STAD KOOR BESOEK DE EIKE

Die TYGERBERG STAD KOOR tree op **Sondag 20 Augustus 2023** hier in ons kerk op.

Hulle lewer uittreksels uit MESSIAH van George Frederick Handel en Gallia van Charles Gounod.

Dit is ‘n een uur produksie en begin om **16:00**.

Kaartjies kos **R60** en is by die kerkkantoor beskikbaar, sowel as by die deure op 20 Augustus. Geen bespreking is nodig nie.
50% van die opbrengs van die kaartjieverkope sal vir ons gemeente wees.
Kom ondersteun gerus hierdie geleentheid.

# PREEKSKETS



## TEMA – GOD SE PLAN

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Rom 10:5-15

Paulus het pas geskrywe oor mense wat God op hulle eie manier probeer behaag.

- Dis net so tipies menslik! Om niks te wil weet van God se manier van vryspraak nie, maar dit eerder op jou eie manier te wil verkry.
- Die Jode het daardie fout gemaak: hulle het Jesus verwerp.
- Vandag nog, maak selfs kerkmense daardie selfde fout...

1. **Vandaar die vreemde vrae van vers 6-7**.
   - Die eintlike vraag is: wie sal my naby aan God bring?
   - Waar kan ek God gaan soek? Waar vind ek 'n genadige God?
   - 'n Futiele vraag, sê Paulus. Want God het jou klaar gevind!
   - In plaas van 'n bo-menslike soektog na God. Kom tree Hy jouself tegemoet...

2. **En wat is die kern van hierdie geopenbaarde waarheid?**
   - Die wonder van vers 9!
   - In soveel eenvoud, word God se plan vir ons uitgespel.
   - Teenoor die moeisame, lewenslange soeke, die eenvoud van die geloof...
   - Met uiteindelik, die wonderlike versekering van vers 13: jou redding is verseker...

3. **Die Verbond**
   - Nou het God dit goedgedink om jou nie oorsee te stuur as sendeling nie...
   - Jou primêre sendingtaak is in jou eie huis.
   - Maar daarvoor moet jy verseker dat jy self die pad van vers 9 geloop het.
   - Moenie dat jou kinders hulle lewe lank op 'n futiele soektog wees nie.
   - Jy het 'n verantwoordelikheid!